

Genade of Guns

2.
“Genade”

Julle wat spreek ‘genade, genade’ weet jy werklik wat jy spreek.
Kom ons kyk wat beteken ‘genade en wat ons veronderstel is om te spreek.

Die Hebreeuse woord ‘chên’ beteken guns waarvan die Griekse woord charis vertaal is na Engels as ‘grace’ ‘Charis’ en grace was name van sensuele vroulike idole wat ‘n metgesel is van die Son – idool. In die Afrikaanse Skrif is die woord ‘chên’ hoofsaaklik reg deurgegee / vertaal in die ou testament as ‘guns’, maar in die nuwe testament verkeerdelik as ‘genade’ vertaal. Genade kom uit die oud – Saksiese en Indiese ‘natha of ginatha’. Dit het ook in ‘n verkorte vorm gekom as ‘gena’. Volgens H.W. Haussig in *Worterbuch der Mythologie*, vol. V, p. 621 word vertel dat ‘natha’ dieselfde betekenis het as “H*re” of “Lord”. Die Indiërs het Natha gebruik as ‘n naam vir Boeddha wat ‘n Son–idool is. ‘Gna’ by die Indiërs beteken ‘vrou van die gode’ ‘Gena’ het ook ‘n algemene naam geword onder die Indiese vroue [*soos ‘gune’ wat vrou beteken onder die Grieke en ‘gnata’ in Latyns wat dogter beteken*]. In Hindoeïsme gebruik hulle ‘Gnas’ as ‘n godin van voortplanting-krag.

Genade wat guns moet wees is strydend met mekaar. Guns is geneigdheid / bereidheid tot die betoning van ‘n vriendskap; welwillende gesindheid. Om by iemand in ‘guns’ te wees is nie ‘genade’ nie. Guns betoon jy, en die begunstigde is dankbaar daarvoor. Guns is goedertierenheid en goedheid wat YAH aan ons bewys. Hy laat Dawid voor Hom staan, want Dawid het guns in Sy oë gevind [*1 Sam. 16:22*]. Ons as die uitverkore het met guns en gawes van YAH gekom tot waar ons vandag is [*Ons kan sê: Tot en met Hy Sy guns weggeneem het toe het dood ingetree*].

Ons vra maklik; Mag ek jou ‘n guns vra? Om guns te toon of te gee moet die omstandigheid reg wees sodat jy reg/gereed daarvoor voel; Dit is ‘n permissie wat verleen word. Guns is ‘n voordeel wat verleen word; Dit is ‘n gawe wat uitgedeel word; Dit is liefde wat openbaar word. Guns kan nie afgedwing of beveel word nie; Dit moet uit eie wil kom. YAH dwing niemand om guns te lewer nie, maar wag liewer om te sien of guns uit die persoon na vore tree. Wanneer kan iemand my in guns aansien? Wanneer ek oortree het of behoeftig is. Daar is waarheid en reg tot beskerming in guns.

Jy kan vra: Hoekom is daar wette? Die antwoord is dat jy daarin beskerming en orde kan geniet. YAH beskerm ons in Sy guns waar waarheid in heers. Daarom as ons oortree gaan ons na Hom en vra dat Hy ons in Sy guns sal aansien. Uit guns straal mooi en die harmonie daarvan wat ‘n positiewe houding reflekteer. Uit guns kan reinheid na vore kom wat voor YAH mag verskyn. Guns bly latent by ieder en elk tot die mens dit wil gebruik, maar nie genade nie. Genade lê in gesag. Genade word gebruik in die plek van guns (*antie*); Dit assimileer guns dat die mooi en harmonie van guns oorgaan in hardheid en afguns (*Genade is harteloos teenoor die behoeftige*).

In genade lê eie oordeel “waar guns die teenoorgestelde is”. Genade (*gesag*) lê gewoonlik in ‘n volgende persoon se hande waarvan guns by jou lê.

Kom ons kyk wat sê die Skrif vir ons oor die saak en waar die waarheid in lê.

*Gen 47:29 ..: As ek nou guns in jou oë gevind het, Gen. 30:27
1 Sag 2:9 Die voete van Sy guns genote bewaar Hy, Deut. 33:8; Ps. 30:5
1 Sag 25:35..ek het na jou geluister en jou in guns aangeneem. Gen. 20:13
Spr. 23:6 Eet nie die brood van een wat afgunstig is nie, Mark. 7:22
Spr. 28:23 Hy wat ‘n mens teregwys, sal agterna meer guns vind...
Pre. 9:11*

Die bo gelese verse is korrek, maar die onderste verse is inkorrek.

*2 Sam 16:4 ..Mag ek genade ‘guns’ vind in u oë, my heer die koning!
2 Kon 13:4 Maar Jóahas het die aangesig van YAH om genade ‘guns’
gesmeek. 2 Kon 33:12; Job.8:5*

*Jes. 26:10 Word aan die bose (Wetsoortreder) genade “guns” bewys, dan
leer hy geen geregtigheid nie; wat onreg is, doen hy in ‘n land van reg, en
hy sien die hoogheid van YAH nie (Bewys jy hom guns dan leer en sien hy
Jer. 16:13).*

*Luk. 1:30 En die engel sê vir haar: Moenie vrees nie, Mirjam, want jy het
genade “guns” by VADER gevind (Hoekom sal Mirjam genade ontvang
i.p.v. guns, sy was nie ‘n Wetsoortreder nie!).*

*Luk. 2:40 En die Kindjie het gegroei en sterk geword in die Gees en vol van
wysheid. En die genade “guns” van VADER was op Hom (Hoekom sal
VADER vir YAHUSHA nou “genadiglik” wees, soos in siestog; Dit moet
‘guns’ wees, want in guns lê liefde, nie in genade nie, in genade lê
jammerhartigheid Luk 2:52).*

*Joh. 1:14 En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon—en ons
het Sy Lofwaardigheid aanskou, ‘n Lofwaardigheid soos van die
Eniggeborene wat van die VADER kom — vol van genade “guns” en
waarheid (In genade lê oordeel waarvan YAHUSHA duidelik gesê het dat Hy
nie gekom het om te oordeel nie, maar om te red; Om goedgunstig te wees
oor Syne wat Hy ontvang het by VADER).*

*Joh. 1:17 Want die wet is deur Moses gegee; die genade “guns” en die
waarheid het deur YAHUSHA dié Gesalfde gekom. YAHUSHA sê: “Dit wat
Ek van VADER ontvang het bring Ek vir julle”; Kan dit dan genade wees of
eerder guns? As dit genade was kom dit neer dat VADER ons jammer kry,
“siestog”, maar as dit guns is, is dit omrede HY ons lief het.*

1 Pet.1:10,13; 5:5; 2 Pet 3:18; 2 Joh.1:3

Guns kan vermeerder en kan opgehoop word, maar genade word slegs eenmaal gegee. Guns kom van die een wat van jou hou, maar genade kom van enigeen tot oplossing van ‘n situasie ‘hetsy noot of redding’.

Net tot uitbreiding oor ‘guns’ / seën wat jy ‘n broer moet in aansien.

1Pet. 3:7,9 ... omdat julle ook mede-erfgename van die ~~genade~~ guns van die lewe is— sodat julle gebede nie verhinder mag word nie.:9 Vergeld geen kwaad met kwaad of skeldwoorde met skeldwoorde nie, maar seën intendeel, omdat julle weet dat julle hiertoe geroep is, sodat julle seën kan beërwe. Dus seën mekaar, want guns die het jy reeds geërf.

Num. 24:9...Geseënd is hulle wat jou seën, en vervloek is hulle wat jou vervloek! Hoor julle die opdrag? Kom weg van “leef onder die genade” waar Paulus ieder en elk mekaar mee toewens. Seën intendeel, want seën bring die dak oor die kop, kos op die tafel, klere aan die lyf en “n gesonde lewe.

Ex. 23:25 En julle moet die ~~HERE~~ VADER julle Gød Skepper dien; dan sal Hy jou brood en jou water seën, en Ek sal siektes uit jou midde verwyder. Lees julle die ontvangs? Nie “Genade” nie, maar seën van VADER.

Ek gaan nou Numeri 6:23 aanhaal soos dit verkeerdelik in die 1933/53 Skrif staan en dit korrigeer en die korrekte deurgee soos dit in Hebreeus staan:

Num. 6:23 ...: So moet julle die kinders van ~~Israel~~ Yashar’EL seën deur vir hulle te sê: :24 Die ~~HERE~~ sal jou seën en jou behoed; :25 die ~~HERE~~ sal SY aangesig oor jou laat skyn en jou ~~genadig~~ wees; :26 die ~~HERE~~ sal SY aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee. :27 So moet hulle dan My Naam op die kinders van ~~Israel~~ Yashar’EL lê; en Ék sal hulle seën.

*Num.6:23-27.. So moet julle die kinders van ~~Israel~~ Yashar’EL seën deur vir hulle te sê: 24. VADER seën en bewaar jou
25. VADER hou toesig oor jou en voed jou
26. VADER rig SY gesig na jou en skenk jou vrede*

Eerste wat opgelet moet word in die “seën” in Num.6 is die woordjie “SAL” Indien jy vir iemand noem dat jy “sal” hom iets gee beteken dit dat hy eers iets daarvoor moet doen sodat jy hom dit kan gee wat jy aan hom beloof het. M.a.w. met die verkeerde interpretasie / vertaling beteken dit dat VADER eers verwag dat die volk eers iets moet doen voordat HY hulle “SAL” seën (Daardie iets vir iets scenario wat die mens so graag mee speel). Dit is ‘n groot “NEE”, want as jy die vorige vers lees sien jy die opdrag wat deurgegee word nl.: “So moet julle die kinders van ~~Israel~~ Yashar’EL seën deur vir hulle te sê” Dus gaan en seën hulle. Daar word geen voorwaardes na hulle geslinger soos om eers te doen en dan kom die seën nie. ‘Nee gaan seën hulle’. Indien jy na jou broer toe stap en hom groet “seën julle mekaar. Julle sê tog nie ek sal jou seën nie, maar wel seën vir jou my broer. Jy gee dit dadelik aan hom nie met voorwaardes nie.

Tweedens is die verkeerde vertaling in die tweede persoon / term gestel nl.: gaan sê vir hom i.p.v. Ek sê vir hom; Dus spreek asof VADER deur jou spreek.

Eers daar gelaat.

Lees gerus Deut.28 oor die seën wat jou sal toetree as jy doen en leef soos dit VADER behaag.

Mense breek weg uit die doktrine van Paulus se “genade”, want seën lê nie daarin nie.

Kom ons lees in *Matt. 5:44 Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg;* (Moet tog nie verwar word deur die stelling nie, want hier word van broer tot broer gepraat, jou naaste m.a.w. Daar is tog vyande wat die woorde nie toekom nie Neh. 5:9).

Mat 21:9 ...: Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here YAH ! Hosanna in die hoogste hemele! (YAHUSHA is die geseënde van VADER nie die gegadigde van VADER nie, Hy het tog geen oortreding begaan om in genade aangesien te word nie).

Matt. 25:34 Dan sal die Koning vir die wat aan Sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van My VADER, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af (Dié geseëndes nie die aag siestog genadiglik nie).

Mark. 10:16 En Hy het Sy arms om hulle geslaan, Sy hande op hulle gelê en hulle geseën.

Luk. 9:16 Toe neem Hy die vyf brode en die twee visse, en nadat Hy opgekyk het na die hemel, seën Hy dit en breek dit en gee dit aan die dissipels om dit aan die skare voor te sit.

Luk. 24:50,51 .. En Hy het Sy hande opgehef en hulle geseën.:51 En terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle geskei en is in die hemel opgeneem.

Hand. 3:25,26 En julle is kinders van die profete en van die verbond wat ~~God~~-VADER met ons vaders gesluit het toe Hy vir Abraham gesê het: En in jou saad sal al die geslagte van die aarde geseën word. :26 ~~God~~ VADER het, nadat Hy SY Kind ~~Jesus~~-YAHUSHA opgewek het, Hom eers vir julle gestuur om julle te seën deur elkeen van sy booshede te bekeer.

Hoor julle die woorde! “Eers gestuur om te seën” Gen.32:26. Dus het eers die seëninge gekom sodat ons terug kan kyk / gaan. Nie na ag siestog nie, maar na hoe lieflik en geseënd was ons tog nie!

Ek sluit om te noem dat die seën van Num. 6 ‘n opdrag is wat ons as Yashar’EL / Sakser aan ons mede broer moet gee, want dit behaag VADER. Onmiddellik as jy dit uitspreek word jy ‘n spreekbuis vir VADER sodat daar; Seën, Bewaring, Toesig, Voeding en Verde oor jou en jou mense kan heers.

Bedink dit